9 November 2023

Liewe Ouers

Fondse 2024

Na ons suksesvolle jaarlikse begrotingsvergadering gehou op Woensdag, 08 November 2023 is die skoolfonds vir 2024 soos volg aangepas:

1. **Skoolfonds** (Gr R – Graad 7) Betaalwyse per kaart, D6 App, debietorder (op ons webtuiste) of via internet.

- **R28 500.00** per jaar voor of einde Februarie 2024 (minus 5% korting van R1 425.00)
  R 2 850.00 per maand vir 10 maande, met **eerste paaiement vooruit betaalbaar voor of op die einde Januarie 2024** en daarna op of voor die einde van elke maand met **die laaste paaiement op of voor einde Oktober 2024**.

  Ouers sal skriftelik by die Skoolhoof moet aansoek doen, indien hulle hul dogter se skoolfonds as 'n eenmalige bedrag na einde Februarie 2024 wil betaal omdat skoolfonds vooruit betaalbaar is.

- Nasorg-, en Musiek -fooie is NIE ingesluit by die skoolfooie nie, aangesien hierdie dienste opsioneel is. Geen afslag/kwytskelding word dus toegestaan vir fooie betaalbaar vir dienste gelewer deur die Nasorgafdeling, en Musiekdepartement.
- Kostes met betrekking tot uitstappies en ekskursies is NIE ingesluit by die skoolfooie nie. Ouers/leerders is dus verantwoordelik vir die dra van alle kostes rakende uitstappies en ekskursies.
- Rekeninge sal aan u ge-epos word **indien ons u regte epos adres op rekord het**. Indien daar nie 'n epos adres is nie sal rekeninge aan u dogter oorhandig word vir u aandag.

- **Bankbesonderhede**:

  NEDBANK - Takkode 198-765 - Tjekrekening - nommer 1470051419

  Verwysing = Rekening nommer (verskyn op die maandelikse staat)

2. **Nasorgsentrum**

Nasorgfooie is nie ingesluit by die skoolfooie nie, aangesien hierdie dienste vrywillig is. Indien die nasorggelde nie vooruit betaal en ten volle vereffen teen die einde van 'n kwartaal is nie, sal die diens gestaak word. U bly nog verantwoordelik vir die rekening.

R800.00 per maand

R 50.00 per dag indien daar 'n noodgeval is

Faurestraat / Faure street, Paarl, 7646 admin@enavant.co.za 021 872 4371 www.enavant.co.za

3. Musiekgelde

Musiekfooie is NIE ingesluit by die skoolfooie nie, aangesien hierdie dienste opsioneel is. Alle musiekgelde is vooruit betaalbaar. Indien hierdie gelde nie ten volle betaal teen die einde van 'n kwartaal is nie, sal alle lesse gestaak word en u bly verantwoordelik vir die rekening.

2 individuele lesse per week @ R1,540.00 per kwartaal

2 groepslesse per week @ R910.00 per kwartaal (blokfluit en kitaar)

Viool @ R1,030.00 per kwartaal vir 1 les per week

Ons vertrou dat die Laer Meisieskool La Rochelle, soos in die verlede, op u ondersteuning kan staat maak, aangesien ons dogters se onderrig daarsonder nie moontlik is nie.

Vriendelike groete

Mev Fallon Taff
Voorsitter: Beheerliggaam